

Kom geniet 'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 4 – Die Vrug van die Gees is Geduld

Uitkoms

Kinders leef die vrug van geduld in hul lewens uit.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.

Youtube - <https://youtu.be/X-QDBVXS5Ss> (ongeveer 13.7MB / 03:09)

Boodskap – Tannie Babs

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur tannie Babs.

Youtube - <https://youtu.be/1ZrVIZOyjcY> (ongeveer 11.7MB / 09:33) OF

MP3 - <http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodschap04.mp3> (1.04MB / 09:08)

Memoriseervers

Galasiërs 5:22-23 “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Storie

Die wonder-brug

Die Brooklyn-brug wat oor die rivier tussen Manhattan en Brooklyn strek, is eenvoudig 'n ingenieurswonder! John Roebling het in 1883 die inspirasie vir hierdie wonder-brug gekry, maar brugbouers het hom aangeraai om van sy idee te vergeet. Volgens hulle was dit onmoontlik om die brug wat hy in gedagte gehad het, te bou. John het egter sy seun, Washington, wat ook 'n ingenieur was, van sy idee oortuig. Hy het ook planne gehad oor maniere om die uitdagings en struikelblokke te oorkom. Hulle het banke oortuig om geld te gee vir die projek en 'n span bouers gehuur. Die werk aan die brug kon begin!

Nadat die konstruksie 'n paar maande aan die gang was, is John tragies in 'n ongeluk op die terein dood. Sy seun is baie ernstig beseer. Washington het breinskade opgedoen en kon glad nie loop of praat nie. Almal het gedink dat die projek nou op 'n einde was, want slegs John en Washington het verstaan hoe die brug gebou moes word.

Al kon Washington Roebling nie meer praat of beweeg nie, was sy gedagtes nog net so helder soos altyd. Op 'n dag, terwyl hy in die hospitaalbed lê, het die gedagte by hom opgekom om 'n kommunikasie-kode te ontwikkel. Al wat hy kon beweeg, was een vinger en met daardie vinger het hy aan sy vrou geraak. Met sy een vinger het hy die kode aan haar uitgetik wat aan die ander ingenieurs verduidelik het hoe die brug verder gebou moes word. Vir dertien jaar lank het

Washington met sy een vinger die instruksies uitgetik totdat die merkwaardige Brooklyn-brug uiteindelik voltooi was.

Besprek:

1. Op watter ander manier kon Washington op sy ongeluk gereageer het en wat sou die gevolg daarvan gewees het?
2. Wat dink jy het vir Washington gehelp om nie moed op te gee nie?
3. Wat sal jy doen as jy in 'n situasie kom waar jy nie dadelik kan kry of doen wat jy graag wil nie?

Aktiwiteit

GEDULD – Jellie

Vra vir mamma of jy vanaand jellie kan maak vir poeding. Onthou om mamma te vra om te help wanneer jy met kookwater werk. Kyk dan hoe lank jy moet wag voor die jellie stol. Wys dan vir mamma en pappa dat die Heilige Gees in jou woon deur geduldig te wees.



Resep – Piesangwioletjies (Sjef Fruity en Arabella)

Neem een piesang.

Sny dit in medium-grootte wioletjies.

Smeer elke wioletjie met grondboontjiebotter en rol in ontbytgraan soos Coco Pops.

Dit is so eenvoudig soos dit!